# Fotoklub se jaarwenners gekroon

VANDERBIJLPARK. - Julie is die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging se hoogtepunt van die jaar, wanneer die klub se jaarkompetisie aangebied en die jaar se toppresteerders aangewys word.

Lede van die klub werk die hele jaar hard om op hierdie aand erkenning te kry.

Die byeenkoms was soos altyd baie opwindend en strawwe, vriendskaplike mededinging was aan die orde van die dag. Die klub se foto's was soos gewoonlik van hoogstaande gehalte en het die beoordelaars beïndruk.

Elke klublid kon sy/haar 10 beste foto's inskryf en die algehele wenners in die verskillende kategorieë is deur onafhanklike beoordelaars aangewys.

Daar is in elke Ster-gradering (1 tot 5 Ster en Meester) meegeding, asook om die algehele Junior- (1 tot 3 Ster) en Senior-titel (4 Ster en hoër).

Mietsie Visser is as Beste Fotograaf van 2016-17 aangewys. Haar foto "Himba Vrou" maak deel van haar tien wenfoto's uit.

In die Senior-afdeling is Haig Fourie die wenner met sy foto "Wit krapspinnekop eet insek". In die Junior-afdeling is Elsje Vermeulen die wenner met haar foto "Whiskers". Die jaarlikse Voorsitterstrofee se tema was vanjaar straatfotografie en is deur Hennie Karsten met sy foto "Helping Hands" gewen.

Die Fotograaf van die Jaar in die verskillende Ster-graderings is: 1 Ster - Elrick du Toit; 2 Ster - Nicky Jansen van Vuuren; 3 Ster - Elsje Vermeulen; 4 Ster - Gerrie Labuschagne; 5 Ster - Renee Storm en Meester - Mietsie Visser.

Daar is hierdie jaar ook sertifikate gegee aan die "Werker van die Jaar" in die verskillende Ster-graderings.

Die Werker van die Jaar in die verskillende Ster-graderings is:

1 Ster - Nicky Jansen van Vuuren; 2 Ster - Nicolaas Louw; 3 Ster - Elsje Vermeulen; 4 Ster - Rensia Fourie; 5 Ster - Brenda Karsten en Meester - Hennie Karsten. Hennie is ook as die "Algehele Werker van die Jaar" aangewys.

Die klub sien uit daarna om tydens die jaarlikse Suid-Gauteng kompetisie met hierdie uitstekende foto's te gaan meeding. Hierdie spog-byeenkoms word op 2 September by Klip River Estates in Risiville gehou teen R150 per persoon. Vir meer inligting kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

* Die klub bied weer in September en Oktober 'n beginners-fotografiekursus aan. Inligting kan by Henk Scheepers by 072 260 0513 of henks@attorneys.co.za verkry word.

Die kursus is daarop gemik om beginnerfotograwe 'n goeie grondslag te gee in die korrekte gebruik van kameras en toerusting. Die teoretiese opleiding word opgevolg deur praktiese klasse in onder meer landskap; natuur; sport; makro en portret-fotografie. Die kursusgangers word ook gewys hoe om basiese fotoverwerking in Photoshop te doen. Die kursusgelde beloop R2 500 per persoon vir die vier dae, wat 'n ligte ete en verversings elke dag insluit.


Alle amateur fotograwe word genooi om die klubaande op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium, Vanderbijlpark, by te woon op die derde Vrydagaand van elke maand, behalwe Desember. Klubaande begin om 18:30. Die volgende klubaand vind plaas op 18 Augustus en die tema van die maandonderwerp is 'Musiek'. Hierdie onderwerp gaan fotograwe se bedrewenheid met hulle toerusting werklik toets.

Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word.



**Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging se wenners in die onderskeie Ster-graderings is onlangs aangewys. Voor van links is: Renee Storme, Brenda Karsten en Nicky Jansen van Vuuren. Agter van links is: Gerrie Labuschagne, Haig Fourie, Elrick du Toit, Nicolaas Louw, Hennie Karsten en Elsje Vermeulen.**



**Mietsie Visser se "Himba Vrou".**



**Elsje Vermeulen se "Whiskers".**



**Hennie Karsten se "Helping Hand".**



**Haig Fourie se "Witkrapspinnekop eet insek".**